**Reeks:** Nuwejaarsreeks
**Titel:** ... Examen
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 30 December 2012

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Goeiemôre, gemeente. Dis so goed om weer so saam te kan wees, en is die stad nie 'n wonderlike plek as al hierdie gejaagde mense weg is nie? Niks verkeer nie, almal is so vriendelik en rustig, en dit is hoe dit behoort te wees.

Ons gaan vanoggend begin deur saam 'n oefening te doen. As jy ongemaklik is daarmee dan luister jy maar net en jy kyk maar net, en dink oor wat besig is om te gebeur, maar ek wil u vra om net vir 'n oomblik baie rustig te raak, diep asem te haal, uit te blaas, en jy kan jou oë toemaak as jy wil. Begin deur nou net te dink aan al die goeie goed in jou lewe. Waarvoor is jy en kan jy dankbaar wees? Net 'n paar goed. Miskien is dit jou familie, jou lewe, jou lewenswyse, die plek waar jy nou is, verhoudings wat uitgewerk het, goed uitdraai, wat dit ookal is.

Dan wil ek jou vra om net in jou gedagtes nou vir die Here dankie te sê. Sê net vir Hom baie dankie vir hierdie goeie goed in my lewe. Ek erken dit kom van U af. En dan wil ek jou nou vra om vir Hom te vra dat Hy jou vir 'n oomblik net sal help om te onthou, as jy nou gaan terugdink en reflekteer oor die jaar wat verby is, dat Hy die belangrike goed na jou toe sal terugbring waarop jy moet aandag skenk. Vra net vir Sy lig, vir Sy insig.

En dan dink jy nou vir 'n oomblik terug aan die jaar wat verby is. Watse goeie goed het met jou gebeur? As daar een ding is wat uit... Wat is jou hoogtepunt van die jaar wat verby is? Wat was jou laagtepunt? Waaroor is jy verskriklik bly? Waaroor is jy ontsteld en ongelukkig? Net daardie twee goed, die twee pole in die jaar wat verby is. Goed. Miskien het dit nie dadelik nou na jou toe gekom nie. Miskien sê jy, jong, ek sit nou met 'n hele paar goed. Ek het bietjie tyd nodig. Jy kan gaan dink daaroor.

En dan wil ek jou vra, vir huiswerk, om net 'n bietjie te gaan reflekteer oor hierdie twee komponente waarmee jy nou sit, jou hoogtepunt en jou laagtepunt, dit wat jou energie gegee het, dit wat jou dreineer, dit wat goed was vir jou, dit wat sleg was vir jou. Wat gaan regtig hier aan? Hoekom is ek so bly oor dit wat goed is? Wat is dit wat my so bly maak? Hoekom voel ek so sleg oor dit wat gebeur het? Wat is dit wat my so laat sleg voel? Wat wil ek regtig hê? Is daar 'n besluit wat ek moet neem op grond van dit waarmee ek nou hier sit en oor dink?

Goed, dit wat ons nou gedoen het is 'n vorm van 'n examen. Dis 'n gebed van refleksie. Dis 'n manier van bid wat een van die groot skatte is van die kerk. Dis omtrent so 500 jaar oud. 'n Man met die naam van Ignatius het met hierdie manier van bid na vore gekom toe 'n klomp mense hom gevra het, hoe kan ons 'n beter verhouding met die Here hê en hoe kan ons meer groei in Hom en meer begin te lewe soos wat Hy wil hê ons moet lewe.

Dis interessant dat hierdie gebed het 500 jaar oorleef. Vandag groei die populariteit van hierdie manier van gebed meer as nog ooit vantevore. Dit laat 'n mens dink, nê. En die woord examen beteken eintlik om te ondersoek, om te weeg, om te beoordeel. Nou, my eerste gevoel was, toe ek met hierdie gebed te doen gekry het, is dat dit nie eintlik 'n gebed is nie. Ek was dadelik uitgedaag met my idee van gebed. Gebed is dalk baie groter en breër as wat baie van ons dink oor gebed. Dis gebed.

Daar is soveel vorme van gebed, en hier is die belangrike ding van gebed, dat jy moet uiteindelik 'n manier vind wat vir jou werk, wat vir jou energie gee. Deur gebed behoort jy ervaringe te hê van krag.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Jy behoort ervaringe te kry van insig. Jy behoort moed te skep en te kry deur... jy behoort leiding te ontvang. Dit is algemene ervaringe wat deur gebed jou pad langs moet kom. As gebed net; en gebed is dit ook, moeilik is, 'n dissipline is, 'n plig is, dan is daar iets verkeerd, en dan wil ek jou aanmoedig en uitdaag om te soek.

En dan die eerste ding om te doen is om te bid daaroor en te sê, Here, help my. Wys vir my dan. Stuur die mense, die boeke, die goed wat ek nodig het, sodat ek kan groei in gebed en sodat ek kan uitvind hoe om te kan bid. Hierdie manier van gebed is 'n manier waardeur miljoene mense baie positiewe ervaringe het, en hulle ervaar en voel dat ek lewe ontvang en dat dit my baie help op my... in my wandel met die Here en in my lewe.

Goed, die vier groot komponente van hierdie gebed is dankbaarheid, is om die Here dankie te sê. Dit is om te vra vir lig, vir leiding. Dit is om te reflekteer, en dit is om 'n besluit te neem. Goed, in die eerste plek, ek vra, gee vir my insig, lei my. Twee groot goed. Dit... jy sê... deur dit te doen, dadelik sê jy ek het insig nodig. Kyk, dit gee oombliklik 'n groot knou aan een van die grootste illusies waarmee ons leef en sit vandag, en dit is dat ek weet wat die beste is vir my lewe. Ek kan self.

Hierdie gebed vat jou na 'n plek toe waar jy sê ek kan nie self nie. Ek weet nie wat die beste is vir my lewe nie, en ek weet ook nie wat die beste is vir ander mense se lewe nie. Ek het Sy leiding nodig. Dis 'n gebed van oorgawe. Dit is hoe Jesus ons leer bid het. Dit is die eerste ding wat jy moet vasmaak, as jy na God toe gaan, is wie is ek. Jy moet sê, onse Vader wat in... jy is 'n kind. Jy is afhanklik. Weet jy wie is jy en wie is God? En dis een van die groot goed wat... waarmee jy begin as jy hierdie gebed doen. Dit is wat jy doen en dit is wat jy vasmaak.

Jy weet, 'n hele rukkie gelede kom... praat ek met my seun, Remon, my en Wilma se seun, en ek sê vir hom, jy moet dit doen. Hy kyk na my, en hy sê vir my, kan ek vir jou twee goed vra, en jy moet my asseblief eerlik antwoord. Ek sê, natuurlik. Hy sê vir my, wil pa regtig hê dat ek my lewe moet deurbring op jou insig, dat ek my lewe moet inrig volgens wat jy dink en wat jy voel, my hele lewe? Okay, hy is bietjie wise. Hy is nou maar net 25... 27. Hy vra my.

Ek... en vir 'n oomblik is ek geskok. Hy... en hy sê vir my, kom ek sê net vir jou, as ek moet doen dit wat jy wil hê ek moet doen, of wat jy sê die beste is, is al die lewe uit my uit. Ek sien nie kans daarvoor nie. Weet jy, ek besluit eerder 'n ding wat verkeerd is. Ek sien meer kans daarvoor om te ly en swaar te kry en met die konsekwensies van daardie besluit te leef as wat ek moet doen wat jy dink ek moet doen. Dis net hoe ek voel. En ons praat nie van 'n groot sonde of 'n ding nie. Ons weet nie wat is die... ons dink net aan iets wat die beste is. Dis nie goed of sleg nie. Dit is wat is die beste in hierdie situasie.

Hy sê die tweede ding wat ek wil vra: kan jy my 100% versekering gee dat dit so sal uitwerk soos wat jy sê dit sal uitwerk? En toe ek mooi daaroor dink toe sê ek, ek glo dit gaan uitwerk. Ek dink dit gaan uitwerk, maar ek kan geen waarborg gee dat dit gaan so uitwerk nie. En hy vra, kan ek jou vra en die vryheid by jou kry dat ek kan besluit oor my lewe? Kyk, toe voel ek daar, okay, ek besluit weer, vir die 20ste keer, ek gaan nie vir jou raad gee nie; net as jy my vra. Dit was 'n probleem. Kyk, kinders verstaan dit nie. As jy 'n ouer is is jy 'n ouer. Hy bly 'n kind, huh.

Maar weet jy wat is die groot en die belangrike insig wat...? En ek dink dis iets wat met ons almal gebeur. Dit is dat jy onderliggend sit met hierdie illusie en hierdie idee is, ek weet die beste. Ek weet wat ander mense baiekeer nodig... hy moet net dit doen. Hy moet... ag, hy is so stupid. Hy moet net dit doen, huh. En ek dink ek weet ook wat is die beste vir my lewe. En ons weet nie. Dis die illusie waarmee ons leef en waarmee... dis 'n manifestasie en 'n vorm van 'n valse self waarmee ons leef. Ek weet <u>nie</u> wat die


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

beste is vir my of vir my kind se lewe nie. Ek het leiding nodig. Ek ken nie die toekoms nie. Ek weet nie hoe goed gaan ontvou en goed gaan uitwerk nie.

Die tweede groot ding wat jy sê as jy op hierdie manier bid is dat ek vra die Here om op my geheue te kom werk. Nou, dis ‘n interessante ding. Ons het so ‘n funksie ontvang: geheue. Dis so ‘n dingetjie wat hier in ons kop is, wat ‘n filing system het. En dan sê ons vir hom, gaan haal net gou-gou vir my die file oor dit en dit uit. Ek kan nou nie... wat het gebeur daar? Kan jy onthou? Dan gaan haal hy die leêrtjie uit. Nou, ek weet nie of jy agtergekom het nie, kyk, hoe ouer jy word hoe luier word hy, huh.

En baie ouens sê jy hoef nie, en ek gaan nie oud word nie. Mooi. Leef so. Kom ons kyk hoe gaan dit. Dis deel van oud word. Maar nou is... al is jy nie oud nie, party van hulle het nie ‘n goeie filing system nie. Het jy agtergekom? Hy verlê die leêrs. Waar... wat het daar... ek kan nie onthou nie. Ek kan nie onthou nie. En dan het hy ‘n ander ding. Hy maak sy eie notas in die leêr. Dis nie hoe dit gebeur het nie. Hy skryf sy eie idees daarby in. So jy gaan trek die leêrtjie en dan sê jy dis wat gebeur het. Dis nie wat gebeur het nie, nie volgens ander mense nie.

Het jy dit agtergekom? Ons sien nie goed soos wat dit is nie. Ons sien goed soos wat ons is. Kyk, geskiedenis ook. Daar is eintlik nie... jy weet, baie sê objektief kyk na die geskiedenis. Dit bestaan nie. Geskiedenis is interpretasie. Kom ons... Dingaansdag, huh. Wat het geword van Dingaansdag? Dit is wat gebeur. Ja, volgens jou, volgens ons, volgens ‘n sekere groep mense, dit... maar ander mense kyk heeltemal anderster daarna. Nou, wat het nou daar gebeur? Daar is goed... daar is geskiet. Daar is doodgemaak. Ja, maar sodra jy gaan kyk wanneer, hoe, wat, waar, is dit interpretasie, jy weet. Jy verstaan? Want dit is... ons kyk soos wat ons is. Ons kyk nie soos wat goed is nie. En dis die probleem met hierdie ding van die geheue.

So ek onthou... jy weet, hy het so ‘n houdingtjie aan hom. Hy het... vir gerieflikheidshalwe vergeet hy sekere goed. O, ek weet nou nie waar is daardie leêr nie, huh. Of hy gaan haal hom, en dan is hy gedistort. Nou vra ek die Here om asseblief op hierdie funksie wat Hy my gegee het, dat Hy daarop sal inwerk en dat Hy die leêrs gaan trek wat belangrik is, en dat Hy dit... deur dit sal werk en dit sal neersit, en dat ek daarna sal kyk soos wat dit is. Wat gaan regtig hier aan? Wat het regtig gebeur? Dis was belangrik is.

Kyk, Jesus het gesê dis een van die dinge wat die Heilige Gees doen: Johannes 14:26. Hy sal julle herinner. Dis een van die wonderlike goed wat die Heilige Gees... Hy werk op jou geheue, en nou vertrou ek dat dit wat ek nou ervaar en wat na my toe kom kom van God af. Ek vertrou dit. Dis in die geloof wat ek dit nou net aanvaar. Dit is wat nou na my toe kom en dis wat is... belangrik is nou, as ek hierdie oefening doen. Dis ‘n baie positiewe idee van menswees. Dis anderster...

kyk, as jy so bid dan is dit nie soos Freud gedink het aan ‘n mens nie. Dis nie libido en die id en die Oedipus kompleks wat jou motiveer en jou gedrag... dit is nie soos wat baie... soos wat Calvyn gesê het, jy het... eintlik, jou vermoë en jou kapasiteit is vernietig om enige goed te kan erken deur die sonde. Dis ‘n baie negatiewe idee van menswees. Hierdie is gebaseer op ‘n baie positiewe idee van menswees, dat jy wonderlike kapasiteit en vermoë in jou het, en dat daar ‘n mistiese eenwording en ‘n werk van God se gees in jou is, en dat God in jou werk en dat Hy jou help, en dat Hy hierdie goed... Vertrou jou ervaring. Vertrou jou ervaring, jou gevoelens, jou idees in dit wat nou na jou toe kom. Dis ‘n groot gebed hierdie. Dis ‘n bold gebed hierdie. Gee vir my lig.

Dan, dankbaar. Jy doen dit in ‘n gees van dankbaarheid. Onse Vader wat... laat U naam geheilig word. Ek wil net vir U sê dankie. Ek vra U om my te help, maar nou wil ek vir U dankie sê vir alles wat U vir


© 2012 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

my gee en wat U vir my doen. En Ignatius sê 'n interessante ding, jy weet. Hy sê I want you to meditate and to think of God in you as your ground of being, your life, your sensation and your intelligence. Dink net 'n bietjie aan jou wese. Jy bestaan. Kan jy dankie sê vir God daaroor? Jy is Sy idee. As jy dalk nie beplan was nie; jy is nie 'n glips nie. Jy is Sy idee.

Het jy al ooit iets van die realiteit van jou wese en van jou skepping beleef? Het jy in 'n oomblik miskien daardie verligting ontvang om te sê ek is? Dis nie... jy kan soos God sê, ek is. Ek is. Hey, hallo julle. Ek is. Hier is ek. Ek is hierso. Ek is. Ek is 'n mens. Ek leef. En jy het 'n gawe van lewe ontvang. God gee vir jou jou asem. En kyk, volgens die skrifte, en veral die ou idee in die Hebreeuse geskrifte, jy weet, die Ou Testament, is dit dat jou asem... die woord vir asem is dieselfde woord vir gees. So jy weet nie altyd as hy praat van asem, is dit God se asem, is dit God se gees, of is dit jou asem. Hulle het gedink dis dieselfde ding. Dis dieselfde.

As God Sy asem... as Hy jou asem terugvat dan vat Hy... dan gaan jou gees terug na Hom toe. Dan is jy dood. Jou lewe is 'n persent van God. Weet jy wat het jy alles nodig om te lewe, huh? Het jy al gedink daaraan? Die funksionaliteit in jou liggaam, al funksioneer alles nie 100% nie, net om te kan aangaan, om hier te kan wees, om te kan eet, om te kan... wat het jy nodig om te lewe? Jou interaksie, jou kos, jou plek, jou bly, jou beskutting teen die elemente, die asem, die suurstof, jy het alles dit... dis alles 'n gawe van God af. Kan jy dit sien? Kan jy vir Hom dankie sê daarvoor?

En dan, jou sensation. Ek kan dit waarneem. Ek kan dit beleef. Ek het consciousness. Ek het bewussyn. My intelligensie. Ek kan daaroor dink. Ek kan daaroor praat. Ek kan ontdek. Ek kan dieper krap. Ek kan die wonder van my vel en van my hart wat twee keer om die aarde bloed pomp, en al sulke snaakse goed wat in my aan die gang is hierso, ek het dit alles. Ek het intelligensie. Ek sê net dankie. Dis in die algemeen. Dankie vir die grootheid en die wonder in dit waarmee ek sit. En dan vra ek... dan reflekteer ek en ek kyk terug na dit wat gebeur het.

Nou, wat baie belangrik is, en Ignatius is baie... hy sê eintlik, moenie kyk na die gebeure of die dade nie... eerste nie. Kyk na wat binnekant jou gebeur het, en dis baie belangrik. Nie net dit en dit en dit gebeur nie. Hoe het ek gevoel? Wat het binne my gebeur? Dis 'n baie, baie belangrike ding om agter te kom as ek terugkyk. So ek kyk na my hoogtepunte, ek kyk na my laagtepunte. Ek kyk wat goed is, ek kyk wat sleg is, dit wat vir my energie gee, dit wat my dreineer, nê. En ek... en ek... en ek... ek dink net aan wat dit is en hoe dit in my is.

Dan, in die vierde plek, vra ek Hom dan nou weer om my te help as ek reflekteer en dink oor hierdie ding, om die regte besluit te neem. Op grond van dit wat met my gebeur neem ek 'n besluit. En die tipe vrae wat ek vra is wat gaan regtig hier aan, jy weet, wat is dit wat my bly maak? Wat is dit wat my so aantrek tot hierdie gebeurtenis en my... en wat my soveel energie gee? Wat is dit? Ek kyk na dit wat negatief is. Hoekom stoot dit my so af? Hoekom is ek so ontsteld daaroor? Ek vra myself af, wat gaan regtig hier aan?

En jy hoef nie 'n groot sielkundige te wees om te gaan agterkom nie. As jy Hom vra gaan Hy jou wys. Jy moet oppas wat jy vir Hom vra. Hy neem jou net ernstig op en Hy gee dit vir jou. Hy wys vir jou. Jy kry hierdie insigte in jou lewe. Jy vra vir Hom, wat wil ek regtig hê? Wat wil ek regtig hê? Dis groot vrae. Dis in hierdie oomblik van bepeinsing, en net dink en reflekteer oor jou lewe, wat daar verrassende insigte na vore kom wat jou help om uiteindelik te besluit.

Nou, toe ek gaan dink het aan wat gebeur met 'n mens as jy op hierdie manier begin te bid het... ek het 'n lang lys, so ek het gedink, okay, net vier goed, net miskien vier baie groot, belangrike goed. Die eerste


© 2012 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030 ◆
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com ◆

een is dankbaarheid. Jy word 'n dankbare mens as jy op hierdie manier begin te bid. Jy word dankbaar, want jy begin te kyk na die glas wat half vol is. Jy begin agter te kom hoe die Here vir jou arbei, hoe Hy werk en goed vir jou gee en goed vir jou doen.

Weet jy wat, jy begin aandag te skenk aan goed waaraan jy nooit aandag geskenk het nie. En jy begin te agterkom, maar God is werksaam in my lewe. Hy is daar. En jy begin verskriklik dankbaar te wees vir al die goeie, groot goed wat Hy vir jou gee. Weet jy, Ignatius het gesê jy sal agterkom Hy raak nie moeg nie. Hy hou aan en aan en aan om vir jou te gee. Jy sal moeg raak om waar te neem en moeg raak om te ontvang, maar Hy raak nie moeg om te gee nie. Is dit 'n idee wat jy van God het? So hierdie manier van bid skaaf jou persepsies en jou idees van God. Dit vorm jou Godsbegrip as jy so op hierdie manier begin te bid, want jy ontdek 'n vrygewige God in Sy diepste wese.

Jy begin agterkom dat een van die grootste sondes wat daar is is ondankbaarheid, ondankbaarheid. Miskien is dit nie aan... baie van die ander goed, rook of drink of dans of watter goed jy ookal gedink het is die grootste, badste goed om van weg te bly nie. Jy kom dalk agter dit is... dit is iets soos... want... want dan leef jy in die illusie. Jy leef in die illusie dat waar jy al hierdie goed kry wat... waarvan... wat... dit kom van God af. En jy leef in die illusie dat dit jy is, of omstandighede, of wat dit ookal is, en jy hou vas aan 'n leuen in jou lewe.

Dis so belangrik om in hierdie dankbaarheid in te gaan, want dan word jy 'n gelukkige mens. 'n Dankbare mens is 'n gelukkige mens, of 'n gelukkige mens is 'n dankbare mens. Ek weet nie hoe werk dit nie. Dis 'n hoender / eier ding, maar hulle loop saam. Hulle loop saam, huh. En weet jy wat het hulle uitgevind? As jy dankbaar is... ek het 'n vriend wat 'n doktorale studie gedoen het in dankbaarheid. En sy bevinding was uiteindelik dat dit jou... dat die fisiologiese... dat dit fisiese 'n effek op jou lewe het as jy dankbaar is. Jou attitude verander jou immuniteitsisteem. Dit verander die... jy word 'n gesonder, gelukkiger mens. Emosioneel, geestelik, fisies, jy is beter af as jy dankbaar kan wees.

Hierdie gebed help jou om dankbaarheid te ontwikkel, maar dit help jou ook om met die pyn in jou lewe in kontak te kom. En dis nie 'n lekker een nie. Dis nie 'n populêre een nie, nê. Kyk, in 'n groot... in ons land is daar 'n groot beweging om juis die negatiewe goed te ontken. Moenie aandag skenk aan die negatiewe goed nie. Moenie dink aan die negatiewe goed nie. Party ouens sê dis wat geloof is. Dis eintlik ontkenning. Daar is 'n verskil. Geloof is nie ontkenning nie. Geloof sê nie dit bestaan nie, dit is nie daar nie, ek kyk nie na dit nie. Mens sê dit maak jou net ongelukkig.

En dit is die groot en belangrike ding wat hierdie gebed ook aan jou doen. Dit vat jou in die realiteit in van jou bestaan, wat so belangrik is. Uit 'n psigiese perspektief, dit is natuurlik waarmee Jung hom verskriklik besig gehou het, die groot sielkundige, om te sê, kyk, daar is hierdie ongewenste elemente en goed wat in jou is. Jy het fantasieë. Kom ek vertel... ek weet iets van jou. Jy het fantasieë. Jy het idees. Jy voel partykeer goed wat jy nie vir ons gaan vertel nie. Dis te bad. Dis deel van menswees. Dis ook wat in jou aan die gang is.

Maar wanneer jy dit ontken dan groei daardie skadu in die donker kant in jou lewe, jou shadow. Hy word al hoe groter. Hy oorweldig jou. Jy kom uiteindelik op 'n punt waar jy sê, ek kan nie glo wat het ek gedoen nie. Dis nie ek nie. Nee, dis jy. Jy kon net nooit jou shadow integreer nie. Jy kon nooit vrede maak met dit is ook nie. Jy is net average. Jy is net average. Jy is soos ons almal. Jy is 'n sondaar. Jy sukkel ook, maar jy het... jy het die insig in dit. Weet jy, ken jy die unieke bend en twist wat daar in jou lewe is? Ken jy jou pyn? Ken jy jou gebrokenheid? Ken jy jou negatiewe geneigdheid in jou lewe? Dis is so belangrik.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jesus het gesê, jy weet, as die... die Koninkryk van God werk so: daar is 'n land van koring wat opkom, maar daar is ook onkruid, maar jy gaan nie die onkruid kan uitpluk nie. As jy dit probeer uitpluk gaan jy al die goeie goed ook uittrek. Jy moet met dit kan leef. Baie het nie die toleransie nie. Baie vorm 'n teologie en maak 'n godsdiens uit die beste oomblikke van hulle lewe. Hulle sê dit is wat godsdiens is. Dit is hoe dit... dis oorwinning. Dis van krag tot krag, en dit is... jy weet, en dit is... daar is... nee, nee, nee, nee, oppas. Oppas. God werk met dit wat is. God werk nie met dit wat sou wees, kon wees, amper was, sal wees, as... God werk met dit wat is.

God is too real, sê Thomas Merton, to be found anywhere else but in reality. Die ou vader, desert vader, woestyn vader, Antonie, het gesê as jy... if you want to ascend to God you've got to descend into your reality. That's where you will find God. So God is nie net in die groot en die goeie en die bly goed nie. God is ook in die tuin. God is ook in... Hy is ook daar. Hy werk ook daar. Hy is ook daar besig. Wat jy gaan uitvind is patrone, verrassende patrone. Jy gaan uit... jy gaan uitvind hoe sterk jou identiteit deur sekere goed...

Jy gaan uitvind, weet jy, elke keer as ek bly is dan is die hierdie ding wat my bly maak, jy weet. Dit doen jy deur refleksie. Dit kom jy agter deur refleksie. Jy kom... weet jy maar wat, elke keer gebeur dit met my. Ek doen elke keer dit. En, weet jy wat, nou vind ek uit dit gebeur ook op dieselfde tyd, die selfde tyd van die maand, dieselfde tyd... dat vandag, wat gebeur? Ek kom hierdie goed... net deur refleksie kom jy dit agter, jou identiteit. En Ignatius... your disordered attachments, jou... die goed waaraan jy so... jy kom agter ek bou nie net my lewe nie, maar daar is iets in my wat ook my lewe afbreek aan die ander kant.

Jy kom... jy sien daardie patroon. Jy kom dit agter, en nou is jy bewus daarvan. Jy sit nou met dit. En dit vat ons na die volgende groot ding toe. Dit help jou om besluite te kan neem as jy op hierdie manier begin leef. Kyk hier, want jy leer nie deur ervaring nie. Jy leer deur refleksie op ervaring. Kyk, party van ons behoort nou al teen hierdie tyd die meeste lewenswyse mense te wees wat daar is met alles wat ons al beleef het, maar ons is nog steeds net so stupid. Hoekom? Omdat ons nie reflekteer oor ons ervaring nie.

Dis al waardeur jy insig kry. Dis al waar jy begin te sien en agter te kom, en wanneer jy dit doen dan raak dit vir jou... dan raak die beter opsies en die beter besluite vir jou duideliker. Nou weet ek wat kan ek besluit en wat kan ek doen vir die toekoms. Ignatius het dit onderskeiding genoem, discernment. En hier is die interessante ding. Wanneer jy met dit begin leef begin jy jou innerlike wêreld te verken. Dit is deel van die innerlike reis waarop baie van ons moet gaan.

En baie van ons is heeltemal afgesny van ons innerlike wêreld af. Ons weet nie wat daar aangaan nie. Ons is clueless. Ons weet nie wat ons voel nie. Ons weet nie wat ons regtig dink nie. Ons is papegaaie. Ons boots alles na wat ons sien en hoor en kyk op televisie en wat ons hoor by ander mense. Dis sommer net gedagtes wat by ons opkom. Niks outentiek kom vanuit ons hart uit nie omdat ons hart afgesny is. Ons is afgesny. Hierdie manier [?] bring jou in kontak, maar dit laat ook ander goed draai in jou. Die kategorieë van goeden sleg begin te verander, jy weet.

Hier is een van die goed. Dis nie ek nie. Dis iemand wat ek ken. Hy het agtergekom elke keer as hy opgewonde raak en bly raak is wanneer hy presteer, is wanneer hy 'n applousie kry en die mense vir hom sê, jis, maar jy is darem maar nice, jong, huh. Hy is so bly. Hy vra die Here net vir meer... vir meer van dit, want dit is wat sy lewe so wonderlik maak. Wat hom verskriklik ongelukkig maak is wanneer hy misluk, wanneer hy verwerp word, wanneer mense nie van hom hou nie of wanneer mense hom teëgaan, nê. So hy vra die Here om asseblief daardie mense te verander en met hulle...


© 2012 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Maar na 'n tyd van dink toe wonder hy, is die Here in die besigheid om my ego te versterk? So, is dit wat die Here...? Uiteindelik wil ek 'n superster word. Is dit God se plan? Is dit wat Hy wil hê vir my? Is God nie dalk in werk met hierdie pyn wat besig is om te gebeur in my lewe nie? Hey, ek dink dit is die badste ding wat daar is, maar Hy gee dan elke keer 'n blow aan my ego. Hy nooi my uit en Hy sê vir my, hey, dis 'n disordered attachement. Laat dit gaan. Weet jy wat, daar is 'n ander manier om jou identiteit te vorm. Jy kan vry wees van die opinie van mense. Jy kan los wees. Ek wil jou vat na vryheid toe.

Jy dink jy is vry. Jy is nie vry nie. Jy dink as jy applous kry dan leef jy. Dis 'n bad lewe. Jy is die heeltyd op jou voete. Jy is die heeltyd senuweeagtig. Wanneer gaan goed verkeerd loop? Gaan hulle daarvan hou? Laat gaan daardie lewe. Ek nooi jou uit na 'n ander lewe toe. Wat ek dink is sleg is eintlik goed en wat ek dink is goed is eintlik sleg, huh. Kan dit wees? Weet nie. Jy ontdek. Dis 'n reis waarop jy gaan dat jy kan ontdek wat is regtig in my aan die gang en wat wil ek regtig hê. Wil ek regtig... wil ek regtig net hê almal moet sê, pragtig, of wil ek vry wees? Is... beteken Sy applous nie dalk meer nie? Mooi so, goeie, getroue dienskneg. Is dit nie waaroor dit eintlik gaan nie? Waaroor gaan dit?

Die laaste ding is ervaring. Ervaring. Kyk, ervaring... Ons moet aandag skenk aan sekere ervaringe wat ons totaal ignoreer in ons lewe. Ons skenk aandag aan ervaringe wat niks beteken... wat useless is, wat nie goed is vir ons nie. En ons jaag daardie ervaringe en ons ignoreer groot en belangrike goed wat besig is om met ons te gebeur, net soos Jesus se koms na hierdie wêreld toe ongesiens was. Weet jy, as daar nou een idee is wat my aangegryp het hierdie Kersfees weer, is net die obskure verbergdheid van die koms van God na hierdie wêreld toe. In Johannes se woorde: and they did not notice it.

En Hy kom na ons toe vandag nog steeds op dieselfde manier, and we do not notice it. Hy werk in jou lewe. Kyk hier, as ek... as ek Ignatius... Die grondgeskenk wat Ignatius vir die kerk gegee het, wat is dit? Ignatius het gegaan en gereflekteer op sy lewe en gesê, weet jy wat, ek het agtergekom my gemoed swaai deur die dag. Partykeer voel ek so together en ek is so bly en ek is so opgewonde, en ander kere is ek so ontsteld en ek voel so omgekrap, ek is so deurmekaar. En toe noem hy hierdie twee pole consolation en desolation. En toe vind hy uit dat hierdie gevoel van my, hierdie gemoed van my hou direk verband met my imagination. Dit hang aan met die goed wat ek dink en wat... met my verbeelding en die goed wat in my kop aan die gang is.

En dit is die groot ding. Hy het gesê hierdie ervaringe het geestelike waarde vir jou. God is aan die werk in dit, en jy kan Sy aktiwiteit en Sy teenwoordigheid en Sy uitnodiging in jou lewe ontdek as jy meer sensitief raak vir hierdie bewegings wat binne in jou lewe aan die gang is. Jy begin anders te kyk na goed wat... klein goedjies word groot goed. Groot goed is nie so belangrik. Dit kan klein goedjies wees, want dit is wat 'n lewe van hier 'n reflektiewe ingesteldheid en 'n lewenswyse bring in die lewe.

Ek wil afsluit. Net vinnig 'n paar praktiese goed miskien. Jy word uitgenooi om nou te reflekteer oor die jaar. Dis iets wat net outomaties hierdie tyd van die jaar gebeur, nê. Almal doen dit. Jy word uitgenooi om dit nou te doen met die Here, om te sê, maar ek weet nie die beste nie, en op hierdie manier kan ek... dis 'n meer Christelike manier. Dis 'n meer... 'n manier om dit saam met die Here te doen. En weet jy, hier is die ander ding. Ek wil jou uitnooi en kyk. Wil jy nie kyk of jy hierdie manier van bid in jou lewe kan inbou nie? Dis tien minute. Kyk of jy dit...

As jy so 'n lewe ontwikkel dan kan jy dit makliker doen as dit belangrik is om dit te doen. Jy weet, dit is maar soos 'n sport, fietsry, enige ding. Jy kan nie sê een keer 'n jaar nou reflekteer ek. Hoekom doen jy dit nie meer gereeld nie? Ignatius het gesê eintlik elke dag, elke dag. En ek en 'n hele paar van my vriende, ons doen dit elke dag. Aan die einde van die dag probeer ons om net te reflekteer en net deur


© 2012 Mosaïek

hierdie proses te gaan, wat jou tien minute vat, en te kyk, en te kyk wat gebeur met jou as jy op hierdie manier begin te lewe.

Vanaand gaan ons 'n oefening doen. Ons gaan bymekaar kom in die kommune [?]. Ons gaan bietjie eet en kuier en lekker saam wees en ons gaan bietjie gesels hieroor. En ons gaan prakties hierdie oefening ook doen. Aan die einde van die diens, hier is 'n boekmerk wat die proses in 'n boekmerkie uitspel, as jy so 'n behoefte en begeerte het, en sê ek gaan dit 'n go gee. Ek gaan net kyk. Miskien net vir 'n week, twee weke probeer en kyk hoe werk dit vir my en watse effek het dit, is jy welkom om 'n boekmerk te kom kry. Maar die... jy weet, jy kan hom aanpas.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

En dit is 'n groot ding van Ignatius. Hy was nie baie rigied om te sê dit is hoe dit... hy sê wat werk vir jou? Eksperimenteer, kyk, waag, jy weet. In 'n gesin kan jy dit op 'n... jy bid saggies by jouself, dank die Here, vra Hom om jou te lei, en jy sê vir die gesin, kom vertel ons wat was jou groot ding vandag wat met jou gebeur het. Wat was vandag vir jou baie uitdagend?

Twee goed wat jy nie moet doen nie: moenie uitlê en raad gee nie. Moenie dit doen nie. En moenie ook dadelik, jy weet, begin... maar dit is nou eintlik wat hier aan die gang is en besig is om te gebeur nie. Vra net, en die beste vrae wat jy kan vra is die vrae waarop jy nie die antwoorde het nie. Net, hoekom het dit jou so laat voel. Jo, dit... hulle weet nie eers nie hulle bid. Jy moet jou gesin help bid. Hulle weet nie eers nie hulle bid, huh. Maar hulle bid, want jy is besig om dit te doen.

Jy weet, dit... vriendskappe word gevat na 'n heel ander plek toe as 'n mens op hierdie manier begin te praat. Jy weet, jy gaan diep. Dis nie meer oppervlakkige vriendskappe nie. Jy begin sacred conversations te hê as jy op hierdie plek... dis 'n strategiese tool. In besigheid kan jy sê wat was die groot goed. Wat was die... wat is die groot uitdagings? Wat... amper 'n halwe tipe SWOT analise tipe ding. 500 jaar terug het 'n ou met hierdie idee gekom, en baie mense vind baat daarby, amen.

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons so aan die einde van die jaar hier bymekaar kan wees. Ons dank U vir al die groot en wonderlike goed wat U vir ons gedoen het. En help ons nou, Here, om net te kan sien, as ons reflekteer, as ons terugkyk, om agter te kom waar is U. Help ons, Here, met ons pyn, met die groot uitdagings waarmee ons ook sit in ons lewe, om insig te kan kry en beter besluite te kan neem, verantwoordelikheid te kan vat, om te kan groei op die pad wat U vir ons het. Ons dank U want ons weet U wil ons vat in die lewe in en U wil ons seën en U wil ons laat groei in hierdie wonderlike lewe wat U vir ons het. Ons dank U daarvoor, Vader, in Jesus se naam, amen.

Die Here Jesus is met jou. Mag jy in hierdie dag en hierdie week wat voorlê 'n groter bewussyn ontwikkel en meer agterkom waar Hy in jou lewe is en hoe Hy in jou lewe werk, amen.

die kuns van lewe!


**© 2012 Mosaïek**